



DEEL I. No. 1.]

MAART, 1896.

[4S. PER JAAR.

M. Glassberg's  
PHOTOGRAFISCHE ATELIER'S  
te Paarl en Worcester  
Markt Plein. Russel Straat.

WAARBORGEN EERSTE KLASSE PORTRETTEN TEGEN ZEER BILLIJKE  
PRIJZEN.  
OUDÉ PORTRETTEN VERNIJBOW EN VERGROOT TOT LÉVENSROOTE.  
SCHILDERIJLSTEN  
VAN BENIG FORMAAT WORDEN OP KORTE KENNISGEVING GEMAAKT.  
SPECIALITEIT: VERGROOTE PORTRETTEN.  
ALLE WERK WORDT GEWAARBOROT EIGENHANDIG TE ZIJN.



KLYN BEGIN—ANHOU WIN.

---

# ENIGSTE TYDOSKRIF IN AFRIKAANS.

---

## EERSTE JAARGANG.

(1896—'97.)

---

PAARL:

D. F. DU TOIT & CO., BEPERK, DRUKKERS EN UITGEWERS.



## KLYN BEGIN—ANHOU WIN.

DEEL 4.]

ONS KLYNTJI, MAART 1896.

[No 1.

### Inhoud.

"ONS KLYNTJI" SPREEK	...	...	...	1
WELKOMS GROET (gedig)	...	...	...	2
GEDIG OP "ONS KLYNTJI"	...	...	...	3
NOTULE VAN DI TAALKONGRES (met Prent)	...			4
DI KONINGIN VAN SKEBA (met portret).—Di witte Koningin en di swarte Towerdokter...				5
DI MISLUKTE JAMESON KOMPLOT (gedig)	...			6
ONS YE GESKIDENIS.—Di Slag van Amajuba (met Portret)	...	...	...	7
VREEMDE SEKTES IN RUSLAND...	...	...	...	8
PRAATJIS O'ER DI NATUUR.—Inleiding	...			9
O'ER TAAL EN TAALKUNDE (Di Afrikaner syn Taal-Aanblyl).—"Skryf soos jy praat"	...			10
				11
				12
				13
				14
				15

An ons Intekenaars en Medewerkers.—Daar is Ons Klyntji nou. Gen baster ni, alles suwer Afrikaans. Syn titel is geteken op ons kantoor deur 'n kereltji wat ons so van di letterkas weggenem het, en al di Prente is hiir an di Paarl gemaak deur Mr. Glasberg. Di stukke is oek almal oorspronkelik Volmaak is dit ni, mar daar moet oek ruimte bly om te *kaap*, verbeter. Daartoe sal ons ons bes doen. Help ons nou mar om intekenaars te kry. Op aanvraag stuur ons proefnommers vernuit om te verspy. Verdere Intekenaars kry aldi Nommers van 1 af.

### "Ons Klyntji" Spreek.

**M**ET hartkloppings waag ek dit om fer di eerste maal di drempel fan di deur o'er te stap; omdat ek self heel goed weet, hoeft daar nog an my ontbreek. As ek dit self ni goed sou weet ni, dan sou daar frinde genoeg wees om my dit te fertel, want di tyding, dat ek an di kom was, het al heel wat anmerkings opgewek.

Di een sê : myn naam is ni goed ni ; di ander : ek kan ni praat ni ; di derde en di vierde en di fyfde, ens., profeteer dat ek binne 'n paar maande sal dood wees en so gaan dit an.

Gelukkig is ek ni fan 'n bange geslag ni. Myn ou broer "Di Patriot" moes oek al na di mening fan fele al lank dood wees, mar hy bly lewe ; en daarom het ek oek hoop, om ni alleen te bly lewe ni, mar oek groot te worde.

Nou sal ek mar min fan my self sê. Fan geslag is ek 'n opregte Afrikaner en ek weet, dat so lauk as daar Afrikaners sal wees, sal meer as één deur fir my opstaan. Ek het myn folk liif en myn gehéle folk sou my oek net gou-gou liif hé, as ni party ~~naas~~ di oge fan 'n gedeelte fan myn volk verblind, so dat hulle my er 'n baster ansiin, terwyl ek huis 'n egte kind is.

Myn doel is : di lus en liifde fer ons moedertaal op te wek en an te kweek. Ek kan ni anders praat ni as ek geleer het, en dit is Afrikaans.

Al is ek klyn, tog hoop ek goed te kan gesels, en nou en dan 'n nuttige woordji te kan sê. Ek het 'n goeie godsdiinstige opvoeding gehad, en geleer dat di frése fer ons liwe Here di beginsel van di wyshyd is. Ek sal ni preek ni, dit kan ek oek ni, mar myn opvoeding sal ek, hoop ek, ni fergeet ni.

Di ouers kan gerus hulle kinders en jonge mense met my laat omgaan ; al is ek nou en dan 'n bitjie plisirig, ek sal ni onbehoorlik wees ni.

O'er poletiek sal ek ni praat ni, mar as daar miskien 'n woordji my ontfal, denk dan mar, dat 'n jonge mens partykeer onfersigtig is.

Met 'n goeie ferwagting begin ek dan myn loopbaan en hoop dat di ware Afrikaners my sal helpen beskerm. Daar is baing Afrikaners, wat geleerd is en grote gawe het, as hulle my wil leer sal ek bly wees. As ons saam werk kan ons nog 'n grote folk word en kan ek oek van 'n Klyntji tot 'n Grote Tydskrif word. Ek eindig met di spreek :—

"Met God ver Faderland en Moedertaal."

RED.

## Welkoms Groet.

Welkom !  
 Klyntji, welkom !  
 Ons wag al lang op jou ;  
 Jy kom eers nou.  
 Ek wil jou niks verwyt,  
     Myn klyne liif,  
 Mar tog, tog het ek spyt,  
     Myn hartediif,  
 Dat jy so lang ver ons lat wag,  
 Lat wag by dag, lat wag by nag  
     Op jou.

Welkom !  
 Klyntji, welkom !  
 Wat sal jy wees ? 'n Seun,  
     Suns vaders trots,  
 Teen wi hy sal kan leun  
     As teen 'n rots ?  
 En sal jy word 'n man  
     Vas en getrou ?  
 Onwrikbaar, fir, vol krag, 'n eer  
 Ver land, ver volk, ver taal, ver leer ?  
     Sé gou.

Klyntji,  
 Wees wellekom.  
 Jou wag 'n sware tyd,  
     'n Baan vol stryd.  
 En jy sal jou moet weer,  
     Myn hartelam,  
 As held, as man van eer ;  
     Mar, word jy tam,  
 Denk an jou land, jou volk, jou taal,  
 Dyns ni ; stry hard om segepraal,  
     Hoor jy ?

Klyntji,  
 Wees wellekom.  
 Ons sal jou troetel, ja,  
     Jou pa, jou ma,  
 Sal niks ni moeite spaar  
     Om jou gou groot te kry.  
     Met harnas, helm,  
 Met woord, met daad, kind, moet oek jy  
 Ver vaderland, ver volk, so bly  
     Nog stry.

Klyntji,  
     In ider huis,  
 Waar jy jou ogiis wys,  
     Dra weg di prys  
 Ver skoonhyd en ver deug ;  
     Klyn liveling,  
 Wees idereen tot vreug ;  
     Jou mooie ding,  
 Wees vreliek, prettig, leersaam, goed,  
     Jy is ons beste vlees en bloed,  
     Ons kroos.

Klyntji,  
 As jy ópgroeoi,  
 Vergeet jou moeder ni,  
     Jou broeder ni,  
 Jou suster ni. Bly steeds,  
     Myn klyne skat,  
 Jou moeders trots ; nou reeds  
     Wees alles wat  
 'n Kind kan wees ver moedershart :  
 Haar kroon, haar roem, haar vreug in a  
     Haar troos.

Welkom !  
 Nog eens, welkom !  
 'n Afrikaner hart  
     Klop steeds in jou.  
 'n Hart vol liifd en vuur,  
     Standvastig, trou,  
 'n Hart, wat ider dag en uur,  
 Werk ver jou land uit liifde puur,  
     Welkom !

IOM.

## Op "Ons Klyntji."

Meneer du Too,  
 Wat was dit mooi  
 Om di ferslag te lese !  
     Di mooiste is,  
 Dat is gewis :  
 Daar sal 'n "Klyntji" wese.

Jy het gewin !  
 Dis na myn sin :  
 Ons Paterjof is fader ;  
     Syn foog Cachet ;  
     So wil ons het,  
 Ons is 'n heel end nader.

Gelo fer my,  
 Ek is so bly  
 Met d' uitslag fan jul werke.  
     Di "Klyntji" is  
     Gesond en fris,  
 Net nou 'n grote en sterke.

Ek kan jou sê :  
 Ek wil oek hê.  
 'k Denk banje fan di "Klyntji."  
     'k Maak gen objek ;  
     Jy weet ek trek  
 Al lang an d' selfde lyntji.

"Ons Klyntji"! hoor,  
 Ek spel jou foor,  
 Party sal met jou rase ;  
     Mar bly mar stil,  
     Doe onse wil,  
 Di ander 's ni jou base.

Set in jou blat  
Fan alles wat ;  
Gé elke ding 'n plasi ;  
Mar dit firal  
In elk gefal  
Wat raak jou y'e nasi  
  
Nou op di ent  
Myn kompelment  
An al di led: same,  
Geag, ge'eer,  
En hoog geleer,  
Met letters by hul name.

Julle Vrind,  
J. H. JASPERT.

Weekraal, 1 Few. 1896.

### Notule

VAN DI EERSTE AFRIKAANSE TAALKONGRES,

**G**EHOU in di Stadsaal an di Paarl, 15 en 16 Jan. 1896.\* Teenwoordig omtrent honderd veteenwoordigers uit alle dele van di Kaapkoloni, Vrystaat en Transvaal, waarvan di vollende name opgege is an di skrywer :—

*Strydenburg* : W. J. Badenhorst, P. J. Pretorius, Z. B.oots, B. J. Badenhorst, H. v. d. Merwe, P. J. Badenhorst, Nic. Badenhorst, H. A. J. Badenhorst, C. J. Liebenberg, J. U. Badenhorst, M. J. J. van Rensburg, C. Badenhorst, P. C. Badenhorst, J. H. J. van Vuren, H. J. Badenhorst, C. J. Oberholster, P. J. Liebenberg, G. J. H. Zwiegers, B. J. Badenhorst.

*Paarl* : Ds. S. J. du Toit, Ds. F. S. du Toit, Dr. Hofman, D. F. du Toit, E. J. du Toit, D. J. du Plessis, E. S. v. d. Spuy, M. H. J. Uys, A. B. de Villiers, D. P. du Toit, P. Malherbe, D. J. du Plessis, J. G. Perold, G. G. Rossouw, C. W. H. Köhler, F. J. Joubert, D. B. Hauptfleisch.

*Burgersdorp* : Professors J. Lion Cachet, en S. Postma, Studente, J. A. du Plessis, en W. Postma.

*Kimberley* : J. Scholtz, C. Scholtz, P. E. Scholtz, Willem Scholtz, M. H. Steyn.

*Kroonstad* : J. J. Cilliers, B. J. Wessels.

*Prieska* : D. J. van Niekerk.

*Porterville* : H. J. Rossouw, J. P. Rossouw.

*Stellenbosch* : C. Bosman, en J. J. P. du Plessis. (Later Dr. Weeber, en Dr. Viljoen).

*Griekwastad* : J. J. Scholtz, en C. J. L. Koen.

*Beaconsfield* : J. J. Scholtz.

*Hay* : M. A. Scholtz, J. P. S. Koen.

*Clanwilliam* : W. du Plessis, en H. A. Louw.

*Vrede* : O. V. S. P. de Jager, J. C. Human.

*Venterstad* : Ds. W. Snyman, en 2 seuns, D. Gildenhuys.

*Malmesbury* : W. D. Malherbe, P. J. Cilliers.

*Carnarvon* : L. P. Steenkamp.

*Caledon* : G. S. Malan.

*Bloemfontein* : A. Franken.  
*Kaapstad* : Prof. Logeman, en Mn. Vellema, later Mn. Melt Brink.  
*Middelburg* : Ds. M. Postma, en 2 seuns.  
*Victoria West* : H. J. H. Claasens, (Later Dr. Marais.)  
*Aberdeen* : W. J. Joubert en P. Joubert.  
*Vryburg* : P. Theron en J. Kotzé.  
*Wakkerstroom* : J. J. Gräbe.  
*Harrismith* : Badenhorst, en W. Odendaal.  
*Peddie* : J. J. Naudé.  
*Boshof* : Onderwyser A. J. de Villiers.

Ds. S. J. du Toit heet di vrinde welkom en deel mé briwe en telegrame van verskillende persone wat hulle spyt te kennen gé dat hulle ni kon teenwoordig wees ni, veral uit di Vrystaat en Transvaal deur di Jameson inval en opstand in Transvaal ; onder di afwesige noem hy o.a. di name van Menere P. J. du Toit, L. W. V., T. P. Theron, L. W. V., Voorsitter en Skrywer van di Bondskongres, Mn. J. H. Hofmeyr (Ons Jan), Dr. Viljoen, Mn. C. P. Hoogenhout, en verskeie andere.

Prof. J. Lion Cachet open met gebed.

Daarop vraag Ds. du Toit di vergadering om 'n bestuur te kies, wat gedaan werd met di gevolg dat tot Voorsitter gekies werd Ds. S. J. du Toit en tot hulpvoorsitter eens Mn. F. J. Joubert en later Ds. F. S. du Toit, tot skrywer Mn. D. P. du Toit en tot hulpskrywer Mn. P. J. Badenhorst.

Di Voorsitter le toon di vollende *regels* voor wat aangemeen word :—

1. Almal wat sameset in di beginsel "skryf soos jy praat" word beskou as *leda* van di Kongres ; hulle sit eenkant en het reg om te praat, voorstelle te maak en te stem ; alle andere belangstellende sit an di ander kant, en kan wel praat, mar gen voorstelle maak of stem ni.

2. Alle sprekers van di eerste klas word verwag sig te bedien van ons gewone spreektaal en di van di tweede klas soveul as moilik is.

3. Elke spreker sal op elke punt mar *eenmaal* praat, of hy moet deur di voorsitter verlof kry van di Kongres om meermale te praat.

4. As verskillende sprekers gelyk opstaan, dan beslis di voorsitter wi di eerste moet praat.

5. Di vergaderinge duur van 9 tot half 12, en van 3 tot 6 uur. Saans gesellige samekoms van 8 tot 10.

Di eerste punt kom toen an di orde, namelik : *di Verhouding van Afrikaans tot Hollans*.

Op di punt spreek Prof. J. Lion Cachet, Mn. Naudé, Prof. S. Postma, Mn. P. J. Badenhorst, D. F. du Toit, D. F. s., Prof. W. Logeman, Mn. C. Badenhorst, Ds. W. Snyman, Mn. F. J. Joubert, Ds. M. Postma, Mn. Gräbe, P. Pretorius, P. Scholtz, D. B. Hauptfleisch, W. Odendaal, W. J. Joubert, D. van Ni kerk, J. C. Human, Gert Coetsee, C. Liebenberg en Ds. F. S. du Toit, wat almal ten gunste is van di beginsel "Skryf soos jy praat," hoewel hulle enigsins verskil in di toepassing daarvan.

Di Voorsitter sê dat di tyd daar is om te gaan eet, mar eers moes hij di vergadering 'n versoek voorlê van Mn. Glassberg om di Kongreslede af te neem op Donderdag namiddag, wat eenparig toegestem werd.

\* Uitgebryde Notule van di Taalkongres is te kry by di uitgewers van "Ons Klyntji," Paarl, ver 3d. stuk, 23, per dosyn, per pos.

Huur volg nou di Portrette van di



GROTE PORTRETTE teen 4s. stuk te kry by  
Mnr. GLASSBERG Afnemer, Paarl.

Woendag Namiddag.—Om 3 uur werd di sitting her vat.

Op voorstel van Ds. F. S. du Toit werd eenparig besluit di vollende telegram van gelukwens te stuur an 2 medewerkers wat vandag verjaar same met d Patriot :—

“Di Afrikaanse Taal Kongres stuur hulle hartelik gelukwens an menere D. F. du Toit, D. P. sn, en J. W. v. Ryst op hulle verjaardag, bedank hulle vir di dienste wi hulle gedaan het vir di Afrikaanse taal, en wens hulle Goe seen en 'n lang lewe tot heil ver land, volk en taal.”

Punt 1 kom toen weer an di orde. Mnr. J. Cillie (Kroonstad) stel toen voor :—

“Dat di Afrikaanse Taalkongres sig verklaar ten guns van di beginsel skryf soos jy praat, dit wil sê om beskaafde spreektaal van ons land tot grondslag te lê en t re'e'l van skryftaal en saam met ons volk te ontwikkel.”

Mnr. D. v. Niekerk (Prieska) sekondeer, en nad di Voorsitter nog wat daarop gespreek het, werd d eenparig angeneem.

Punt 2 kom toen an di orde, namelik *di verhouding van Afrikaans tot Engels*, en in verband daarmé uitgaaf van 'n vergelykende Taalkunde van en albei tale, en van 'n Woordeboek van Afrikaans Engels en Engels-Afrikaans, en di benoeming van Werkende Kommissi daartoe.

Di Voorsitter lig eers di bedoeling van di punt daarop spreek Prof. Postma, en Mnr. van Niekerk t gunste van di beskrywingspunt, terwyl Prof. Cachet Ds. Snyman, Prof. Logeman, en Ds. M. Postma daarvoor is om vereers net 'n Afrikaanse Woordeboek Taalkunde uit te gé. Op 'n wenk van di Voorsit besluit di Vergadering toen om di saak te verwys di vollende Kommissi, om dit te o'erwige en later di Vergadering wat an di hand te gé, namelik Prof. Cachet, Prof. Postma, Di. Snyman en S. J. du Toit.

Di vergadering gaan toen o'er tot bespreking y punt 4 :—*Verskillende Vrage in verband met di Spelling*, soos baing of banya, ek of ik, hem of hom, oei ok, bitji of biki, hoger en lager, of ho'er en la'er ; ii of ie, o'er d of t an di end van woorde, wat by u lenging d gebruik, soos hond of hom, mond of mo o'er wegwerping van onnodige letters, soos z, c, z en w of f ; o'er di uitdrukking van verskillende klas soos in gegé, wêrelde, né, ens. Uitge van 'n Afrikaans Tydskrif, sê al maande, met nijs as oorspronke Afrikaanse stukke (prosa en poesi) o'er ons taal, kennisdenis, ens., tot ankweking van ye talent en ye letterkunde.

Nadat Prof. Cachet en di Voorsitter gespreek stel Mnr P Scholts voor :—

“Di vergadering is van gevoel dat 'n Kommissie haar middle benoem worde—

(a) om 'n tydskrif maandeliks uit te gé, en prentewe te laat publiseer, en .

(b) om geld bijeen te bring ver di doel.”

Nadat Ds. M. Postma Mnr. C. Badenhorst en Liebenberg en di Voorsitter gespreek het word

voorstel eenparig nageneem en tot Kommissi benoem : Prof. Cachet, Prof. Postma, Di. Snyman, M. Postma, F. S. en S. J. du Toit.

Omtrent spelling van di verskillende woorde werd besluit, op 'n wenk van di Voorsitter, dat di Vergadering gen beslissende, mar 'n raadgewende stem sal uitbreng.

Di uitslag was as volg : *baing* 42, *banja* 19 stemme ; *ek* 38, *ik* 28 ; *hom* 53, *hem* 3 ; *ook* 19, *ok* 35, *eek* 10 ; *biki* 25, *bitji* 45 ; *d* (in woorde soos hond, mond, ens.) grote meerderheid, *t* 8 ; *ho'er* en *la'er*, ens. sonder *g* 55, met *g* 3,

Daarna verdaag di vergadering om 6 uur.

*Woensdag Aand.*—Di aand was daar 'n gesellige byeenkoms, waarby oek verskillende lede van di Paarlse publiek, en daaronder enige dames, teenwoordig was. Prof. Rocco de Villiers het enige musiikstukke uitgevoer en daaronder laat sing "*Di Klaagliji van di Os.*" en "*Di Antwoord van di Pêrd daarop;*" di woorde deur Ds. S. J. du Toit en di musiik deur Prof. de Villiers. Mn. Joh. Cilliers, seun van di waardige oue vader Sarel Cilliers, doen mededelinge uit di lotgevalle van di Voortrekkers, en Mn. Melt Brink, van di Kaap, sê 'n oorspronkelike gedig van hom op, namelik "*Di Girige Lekkerbek.*" Onder di musiikstukke was Vioolsolos van Mn. Baker en Pianosolos van jongejuf vrou Kosi de Villiers.

*Donderdag Voormiddag 16 Jan.*—Di Voors. lees di vollende antwoord van Eerw. v. d. Ryst op di gelukwens van gister :—

"Hartelike dank aan Taalkon-res ver gelukwens op myn verjaardag ; ek wens julle di mag van eendrag toe. Skole ! Skole !! Skole !!!"

Di Kommissie angelok op punte 1 en 2 lewer di vollende rapport in :—

"Di Kommissie beveel an : a) Dat di Kongres 'n Kommissi anstel om 'n Afrikaanse Taalkunde en 'n Afrikiese Woordeboek op te stel en uit te ge."

b) Op punt No. 4 (Tydskrif) beveel di Kommissi an, dat di Kongres in Kommissi benoem om 'n Afrikaanse Tydskrif uit te ge al maande met di doel om ons Afrikaanse letterkunde an te kweek en ons nasi te ontwikkel met di naam van — en wat ni meer sal kos as 4s. per jaar, vooruit betaalbaar, en daatoo 'n lys te open gedurende di sitting en verder intekenare te kry deur di land en met een 'n lys te open ver di voorlopige onkoste."

Di Voors. stel punt a) van di rapport an di orde. Nadat Mn. v. Niekerk en A. J. de Villiers di voorstel tot anneming van di beskrywingspunt verdedig het en Prof. Cachet en di Voors. di anbeveling van di Kommissi toegelig het, trek Mn. van Niekerk syn voorstel terug en werd op voorstel van Mn. W. Postma di anbeveling van di Kommissi eenparig geneem, en tot Kommissi om dit uit te voer benoem : Di. S. J. du Toit en F. S. du Toit en Dr. Hoffman, met di vollende persone om di werk na te kyk : Prof. Cachet, Prof. Logeman, Prof. Postma, Dr. Brill en Dr. Viljoen.

Punt b) van di Rapport kom nou an di orde.

Nadat Prof. Cachet en di Voors. uitgelê het wat met so 'n tydskrif bedoel word, en Mnre. C. Liebenberg en E. S. du Toit dit sterk anbeveel het, besluit di Verg. eenparig, op voorstel van Mn. P. Scholts, tot di uitgaaf van so 'n Afrik. Tydskrif en benoem as Kom. daartoe : l rof Cachet. Di. W. J. Snyman, S. J. du Toit, M. Postma, en F. S. du Toit, met mag van toevoeging.

Nadat verskillende name voorgestel was werd besluit, op voorstel van Prof. Cachet dat di naam sal wees *Ons Klyntji*.

Staande di Verg. werd toen ingeteken ver omtrent 500, en £6 6s. bygedra ver voorlopige koste, waarna di Verg. verdaag.

Di Voorsitter lees di vollende telegram van Dr. Viljoen, wat met gejuig ontvang werd :

Dank voor uw vriendelike uitnoediging. Wees verzekerd van mijn ware spijt over de onmogelykheid waarin ik my bevind om uw Kongres by te wonen. Ontvang de betuiging myner belangstelling in de werkzaamheden uwer vergadering.

*Donderdag Namiddag.*—Nadat mn. Glassberg di Kongreslede voor di saal afgeneem het, word di verrigtings om 20 minute o'er dri hervat, toen di vollende artikel an di orde kom, nl. "*Afrikaans as Kerktaal en Skooltaal ; di Afrikaanse Bybelvertaling* (sal ons verskil maak tussen Bybeltaal en gewone skryftaal, byv. *U* en *uw* in plaate van *jy* en *jou* waar tot God en meerder gespreek word, ens. ; Leiddraad, Genesis en Mattheus ; Wenke daaromtrent) : *di Noodsakelikheid van Afrikaanse Skole.*" Eers word bespreek "Afrikaans as kerktaal."

Nadat Mn. C. Badenhorst, Prof. Cachet, Prof. Postma, di Voorsitter, Di. Postma en Snyman, en Mn. P. Badenhorst gepraat het, stel Ds. Snyman voor, gesek. deur Mn. N. Badenhorst.

"Di Kongres beskou dat Afrikaans ons Kerktaal moet worde, en siin met blydskap dat Ds. du Toit en andere reeds begin het met di vertaling van di bybel. Di vergadering hoop dat hulle in di geen sal voortgaan, totdat di tyd daar is om 'n Afrikaanse bybel van kerkwege uit te ge."

Ds. Postma stel as teenvoorstel voor, gesek. deur Prof. Cachet :—

"Dat di saak by di bespreking bly en uitgestel worde tot di vollende Kongres."

Daar spreek nou nog Mnre Naude, C. Liebenberg, van Niekerk, W. Joubert, Di. F. S. du Toit en M. Postma, Profs. Postma en Cachet, Mnre. Gräbe en A. Badenhorst, en daarop werd di voorstel geneem, net Prof. Cachet, Ds. Postma en student W. Postma stem teen.

Di meerderheid van di Verg. verklaar sig voor *u* (in plaats van *jy*) waar tot di opperwese en tot meerdere gespreek word.

*Afrikaans as Skooltaal* an di orde. Nadat di Voors. en Ds. Snyman dit toegelig het besluit di Verg. eenparig, op voorstel van Prof. Postma :—

"Di Kongres beskou dat Afrikaans ons skooltaal moet wees, mar daar ons nog ni Afrikaanse skoolboeke het ni in di wetenskappe so besluit di Kongres, dat 'n Kommissie aangestel worde om planne te beraam ver di uitgawe van skoolboeke en an di vollende Kongres te rapporteer."

Diselfde Kommissi ver di tydskrif werd hiertoe benoem.

Prof. Postma stel voor : "dat di Kongres vollende jaar weer an di Paarl gehou worde." Dit werd met toejuiging angeneem, nadat Stellenbos, Pretoria en Bloemfontein afgestem was.

Tot lede van di Organisasi Kommissi werd benoem Di. S. J. du Toit, F. S. du Toit, Dr. Hofman, Dr. Viljoen en Mn. C. W. H. Köhler.

Di Voors. sé dat ons werk afgedaan en tyd om was, en hy moes di Verg. 'n kompelment maak, dat hulle so ordelik en eenstemming di werk afgedoend het. Prof. Cachet bedank di Voors. ver syn bekwame leiding en Prof. Postma sluit met gebed.

Donderdag Aand werd weer gewydt an 'n gesellige byeenkoms. Di Stadsaal was versiu met tafels vol vrugte en drank. Daar werd weer enige stukke musiek gespeul en gesing onder leiding van Prof. Rocco de Villiers, en toesprake gehou deur Prof. Cachet, wat 'n heildronk instel op "Ons Klyntji," Dr. Hoffman, wat daarop antwoord, en verder deur di Magistraat, Prof. Logeman, Dr. Viljoen, en Ds. S. J. du Toit.

## Di Koningin van Skeba,

OF

SALOMO SYN OUE GOUDFELDE IN SAMBESIA.

[DEUR Ds. S. J. DU TOIT.]

## INLEIDING.

**I**N 1894 het skrywer hiervan heel Matabeleland en Mashonaland deurgerys en feral di oue mynwerke en boufalle goed ondersoek. Hy het 'n menigte boeke daaroor gelees en het syn bevindings megedeel in *Sambesia*.\* Hy het di boek geëindig met di follende belofte, waaran hy nou hoop te voldoen :

"En hiermee eindigen we onze beschrijving van die oude mijnwerken en die oude bouwvalle *zoals ze er nu uitziend en wat er nu af te leiden is*. Wordt het ons vergund ons vooruenen uit te voeren, dan hopen we later, in den vorm van een historisch roman, *die oude tijden te doen herleven*, en de Koningin van Scheba te doen herleven, samen met Salomo en heel de omgeving der bevolking die in die verre tijden hier leefde en arbeidde. Dus niet een *geschiedenis*, ook niet eene algeheele *verdichting* : maar eene *herleving*

van dien tijd zoo na mogelijk, volgens de gegevens welke wij hebben in oude historische werken in deze overblijfselen ;—maar dan hervindt ge Simbabwe en heel Sambesia vol leven en beweging, die goudindustrie in vollen bloei, geheel het maatschappelijk verkeer ; en vooral hopen we u dan te doen beseffen, dat die ouden ook *mensen* waren, die leefden, gevoelden, beminden, haatten, vreugde en smart kenden evenals wij. Den lezers van Sambesia roepen we dus toe : Vaartwel ! en : Tot wederziens ! "

## I. DI WITTE KONINGIN EN DI SWARTE TOWERDOKTER.

*Skemerdonker by Wilson syn graf te Simbabwe.—Alleen langs di Aandvuur by di Wa —'n Freemde Bezoeker en nog freemder Stori.—Di Swarte Kaptein bop, en di Witte Koningin onder di Kop.*

Dit was al skemerdonker. 'n Donderweer broei aardlug, wat bedek was met 'n digte fliis fan fijne wolke. So nou en dan fal 'n enkele grote druppel, nes enkeltrane, bo uit di lug. Ongemerk was di son ondergaan, en begin duisternis di aarde te bedek. Di lug was stil en swoel. Hii en daar sing 'n kriki, en tus senin steun 'n uil.

Ek was in mymering ferdig, terwyl ek daar by die graf fan Majoor Wilson en syn dertigtal helde sit wat same met hom gestry het en gesneuwel is. Ek het enige false wilde blomme gepluk en ingefleg in 'n blomkrans wat daar reeds verwelk leg op di eensam graf tussen di boufalle van Simbabwe.

In my sakboek had ek 'n gedig geskrywe op die heldegraf. Di laaste ferse kon ek nog skaars siin om te skrywe. En ek was moeg, want ons was di oggen om 9 uur daar gekom, en di hele dag was ons besig om di grote onregelmatig ronde gebou te besiin, op te meet, en portrette daarfan te neem.

Toen ek tot my self kom roep di donker my om middi voet-pad, deur di rewines en graniitrotse, terug gaan na di wa toe, wat langs di hoge en dikke muur fan di oue reusegebon staan, onder di grote bome en tussen di hoge gras. Di bopunte fan di pale rondo Wilson syn graf, wat hulle afgesaag het, neem ek 'n fer brandhout onder myn arm, fer ons aandfuur.

Ek kry di wa daar glad alleen. Henni, ons wa-drager en tolk, had ons na Umgabe, di kaptein bo op versterkte kop gestuur, met 'n mooie veulkleurige wolkombêrs en nog enige klyne persentjies, om hante pols of ons wat fan hom of fan syn volk kon feneem omtrent di oue boufalle ; en hy was tot my ferwondering nog ni terug gekom ni. Neef Gideon en Neef Hendrik het teen di aand deur di ruwe bergtefoet geloop na di Sendingstasi Morchester, omtrent 5 of 6 myle af. En wat my di meeste ferwonder was dat Klaas, ons klyne Koranna lyer, nog ni gekom was met ons osse ni.

Hoe dit sy, ek kom skemerdonker by di wa, en begin 'n fuur te maak, en sit 'n ketel water op o


té te maak fer ons aandéte. Ek sit toen eensaam by di vuur. So nou 'n dan fal daar nog 'n grote druppel uit di lug, en klageud hoor ek di uil steun.

Naderhand hoor ek Klaas ankom met di osse. Met heel wat moeite fang ons twe di osse tussen di tamboekigras, wat daar 12 foet hoog groei, en ons bind hulle an di bome fas naby di wa ; want hiir dwaal nog enkele leeu rond. Nou sit Klaas en ek alleen by di vuur. Dis al pik donker.. Ek fra fer hom, waar hy so laat gebly het. Hy sê, hy het fer hom so baing ferwonder o'er di grote oue geboue, dat di osse uit di hande geraak het, en hy het hulle skaars in di hande gekry voor donker.

Terwyl ek nog met hom praat, hoor ek 'n geritsel in di struike en hoge gras. En hiir kom 'n kaffer half kruipende uit fan di kant fan di rewine. Bangerig kom hy lanksaam nader. Nog 'n end fan my af fal hy neer en kruip op hande en foete nader, en "konsa" al di tyd, waarfan ek net verstaan "Umkosi ! Kosi !" Toen hy 'n paar tré fan my af was, wys ek hom met tekens dat hy mar kon opstaan. Toen siin ek an di snoer met "colosse" om syn nek en di gord met hontjies en worteltjies om syn lyf, dat dit 'n towerdokter was, so oek an di fére in 'syn hare. Hy had 'n bos asgaaie, wat hy voor myn foete kom neerlê.

Ek wys hom toen hy moet mar gaan sit, en hy gaan 'n endji fan di fuur af sit. Mar daar was onrus en frees op syn gesig, hoe ek oek al perbeer om fer hom gerus te maak met tekens. Klaas ken di Koranna-en Makkatees-tale, en ek sê hy moet perbeer om met hom te praat. Mar hulle kon makaar ni ferstaan ni. Ek laat hom toen 'n stuk kos gé, en hoewel eers agterdogtig, tog was di honger fer hom baas, en begin hy nad-rhand te eet.

Wat was ek bly toen ek weer voetstappe hoor, en siin dat dit Henni was. Ek fra fer hom waar hy dan so laat gebly het. Syn antwoord was, di kop is baing hoger as 'n mens denk, en jy moet met 'n slingerende voetpadji tussen di grote graniet rotse en oue forte opklim. En toen hy bo kom, had di Kaptyn net 'n Raad, sodat hy hom ni dadelik kon siin ni. Daar was 'n hele rumoer, wat hy ni kon uitfinde wat dit beteken ni. Hy het naderhand di persente an di Kaptyn gegé. Mar omtrent di oue rewinne en forte kon hy niks uit di kaptyn of syn folk kry ni. Party sê Molimo of Mosino's (di Opperwese of di geeste fan di foorfaders), het dit gebou, en so meer. Mar ferder wil hulle niks openbaar ni ; hulle sê mar : dis baing oud ; hulle faders syn o'ergrootfaders, baing fer agteruit, het dit so hiir gekry. En di vraag of hulle



REISWA TEEN DI SUID-OOSTE MUUR VAN SIMBABWE.

dan ni weet of hiir iwers oue gedenkstukke of so begrawe of ferberg is ni, sê hulle mar : " Né, ons is bang, ons het ni gekyk ni. "

Terwyl hy my nog syn befindings bo op di kop medeel kom ons twe maters oek terug van Morgester af, en breng my 'n paar pragtige tamatiis mé, en fertel ons, dat daar so 'n mooie tuin is en dat Eerw. Louw en syn vrou di follende dag by ons son kom kuier en fer ons 'n mandji groente sou stuur ; want hulle had 'n pragtige tuin. Dit was 'n welkomme tyding, want ons had toen al 'n 2 of 3 maande gery sonder groente, en ons was almal al half siik van di pure wild-flees en biskuit.

" Arri, kyk, u het geselskap gekry ! " sê Neef Gideon, half fragend.

" Ja, " was myn antwoord, " mar ek kan met hom ni praat ni. Henni is oek mar netnou eers gekom. Ek kan siin hy is 'n towerdokter. Henni moet nou eers perbeer om met hom te gesels. "

Ek laat toen fer Henni tolk, dat hy ni hoof bang te wees ni ; (want hy kyk ons mar aldeur met agterdog an, en soos 'n os raas, skrik hy en kyk ewe ferfaard om) ; hy moes ons mar fertel wi-hy is, waarfandaan hy kom, waarheen hy gaan, en so meer. En in kort kom syn stori hirop neer : dat hy al lank towerdokter was fan di Kaptyn Umgabe hiir op di kop. Mar nou is daar 'n kind van di Kaptyn baan di style krans afgafel, en dadelik het hulle fer di Kaptyn wys gemaak hy het di kind getower. Di Kaptyn het toen 'n ander towerdokter laat kom fan Garimbila, 'n aburige Kaptyn af, en di het fer hom " uitgeruik ". Mar hy het dit betyds agter gekom en geflug, en hiir in di rewine, weg gekruip, om fannag te flug. Mar ag, waarnatoe ? Morre sal di kaptyn tog mar 'n hele impi uitstuur en hulle sal fer hom opspoor en dood steek.

Ons sê hom toen hy moet mar by ons bly, ons sal fer hom beskerm. Hy sê toen : Né, di Kaptyn sal fer julle al ual dood maak. "

Ek fra fer hom of hulle dan ni gehoor het hoe " di mense " met Lobengula gemaak het ni, en of hulle ni weet fan di " meksim-kanonne " wat so finning skiet ni.

Hy sê : " Ja, ons het gehoor, di mens laat somar fuur uit di lug uit fal, en di kanon by skiet somar fan son-op tot son-onder, sonder moeg worde. "

Ek wys hom toen myn rewolwer en fra fer hom of hy denk di dingetji kan oek so skiet ? Hy skud syn kop. Ek wil hé, hy moes dit in syn hand neem, mar dit wou hy ni. Ek hou toen di rewolwer na di muur, wat deur di fuur verlig was, en skiet al 6 skote kort na makaar af teen di muur. En so lank as ek skiet sê hy op syn taal : " Dis hy di ! Dis hy di ! " Ek fra hom toen, of hy denk dat Umgabe syn folk sal staan foor di ding, want ons het elkeen so éné. Toen kry hy moed en begin te glo, dat ons fer hom sal kan beskerm.

Ons kom toen ondei makaar o'ereen om hom folle beskerming te belowe, mar dan moes hy ons alles wys

en vertel van di oue rewine, en laat hom dit fertolk.

" Au ! " roep hy uit, " Umgabe sal fer ons almal dood maak. Net mar di kaptyn en ek weet alle daarfan. Fan fanmelewe af is dit só, net di kaptyn fan di kop en syn towerdokter weet di gehym fan di plek. Mar as ons dit an imand anders open baar, dan word ons dood gemaak. "

Ons verseler hom toen dat fer hom niiks sal o'rkoni ; hy moet mar fer ons alles fertel en gaan wys. Mar dit het baing moeite gekos, en ons moes hoers dryg, dat ons hom an di kaptyn sal o'ergé as hi ni alles fer ons fertel en wys ni. Toen fertel ons wat folg : —

" Myn fader het fer my vertel, dat myn fader sy fader fer hom fertel het, baing mane agteruit, medooie mane as ek kan sê, dat hiir eenmaal " Abalanga (witte mense) gewoon het met lange hare. En hul het 'n witte koningin gehad, met baing lange hair wat tot amper op haar foete gehang het. En toen hiir ander witte mense gekom fan di grote water waar di son opkom. Hulle het gekom met wonderlike pak osse, ni nes ons osse ni (kamde), en hulle h baing limbo en koper en kraale gebreng. Hulle het grote kraale met klip-mure en klip-dakke gebou. Hu het baing asgaiae en pyle en sawels gehad, en hulle w fer ons nasiis baas om te teg, en het fer ons sla gemaak. Hulle het fer ons gate laat grawe in grond om " Isipsi " (goud) uit te haal. Di wi mense het di grote klip kraale gebou, so hoog soos bome, en hulle het baing mane in di land gewoon.

" Mar naderhand het ons opstandig geworde, baing asiis het gekom fan di ander kant fan di grifirif (Sambesi), en andere nasiis fan di grote Sopanne af, waar di son ondergaan, het oek gekom, hulle het almal fer ons kom help. En toen het di Abalanga hiir fas gekeer, en gif in hulle weggoei, en hu le grote kraale ferbrand. En dat hulle weer moet kom ni, het ons sofeul as ons kan, hulle kraale afgebreek en di gate fol grond gegooi.

" Naderhand is hiir toen weer andere mense gekom fan di grote water af, wat amper nes witte mense met lange hare, mar hulle was ni heeltemaal wit (Arabire en Portugése). Hulle breng fer ons lange asgaiae en baing limbo en kraale, en hulle neem " Isipsi " weg, wat ons was uit di rifiirsand uit. Daarna hulle kom di Matabeles, en maak fer ons dood, en neem ons fé en vrouens weg, en wil fer ons sal gemaak. Daarom woon ons nou bo op di koppe, in die skanse. En dis di waarheid wat ek nou fer julle tel het. "

Ek fra toen fer hom : " Mar wat is fan di koningin geworde toen julle faders hiir-di stad brand het ? "

" Ons weet ni, " sê hy. " Party sê sy het geflüdi berg Afur, daar fer waar di son saans gaan s. Want tot daar oral het di Abalanga " isipsi " geg Mar party sê, sy is in 'n grote huis onder di kop gaan met di witte jong nois wat altyd by haai

en dat hulle log altoos onder di kop woon. En ons denk oek so." —

"Waarom derk julle dan dat sy nog al di tyd onder di kop woon?" vra ek. "Weet julle dan fan grote hol plekke onder di kop?" —

Hy sit 'n rukki stil met syn hande foor syn gesig. Naderhand sug hy so diip, en begin te soebat, ons moet liwers fer hom laat flug; want hy mag ni fertel fertel ni. En syn bewende hande speul met syn dolosse. Toen ek siin daar is gen ander raad ni, dryg ek hom met di rewolwer as hy weg loop en ni alles nou fer ons fertel ni.

Toen begin hy: "Daar bo onder di krans, onder di digte bosse, is 'n grote platte klip en dis di deur fan di grote kraal onder di berg, waar di witte Koningin nog woon. Mar net di kaptyn en ek en 3 indunas weet fan di deur. En al jare net met volle maan, soos ons miliis en ons kafferkoorn ryp is, mar foor ons oes, dan pluk ons eers di rypste are fan di kafferkoorn en ons maak 7 potte bjur, en dan neem ons 'n witte ooilam fan een jaar oud, en middernag gaan di Kaptyn en ek met dri induna's. Ons rol dan di grote klip weg, en ek slag di bok en sit di 7 potte bjur daar fer di witte Koningin en haar jonge nois, en dan gaan ons onder in di flakte, an di foet fan di kop. Dan hoor ons eers so mooi sing onder di kop, en dan naderhand kom di witte Koningin met haar jonge nois uit, almal wit angetrek en met lange hare, en sing-sing klim hulle daar op di grote klip. En as hulle klaar met sing het, dan tel di Koningin haar hande op, en op elke punt fan haar fingers blink nes 'n sterretji, en dan segen sy fer ons: Dat Molimo fer ons moet reen en dou en sonskyn gé, en di sprinkhan en di Matabelis afkeer, dat ons miliis en kafferkoorn moet groei, dat ons bokke en koeie mooi moet anteel en baing melk moet gé, sodat ons kan pap eet en melk en bjur drink, en ons vrouens oek, en di pikkeninis (kindertjiis) oek. Mar as ons ni di bok en di bjur fer di witte koningin breng ni, dan kom sy ni uit om fer ons te segen ni, en dan huil ons vrouens en kindertjiis, en ons fé gaan dood, en di sprinkhan pla fer ons, en di Matabelis kom fer ons berowe en fermoor. En dis nou di waarhyd wat ek fer julle fertel het."

Ongelukkig kom daar huis 'n blits en 'n donderslag net kort nadat hy klaar had met fertel, terwyl ons 'n paar woordjiis onder makaar wissel. Ek siin dadelik dat hy ferskrik en ferslage was. Ek fra hom toen: hoe diip hy daar onder in di gat in was; hoe groot dit daarin is; of daar baing kamers is, en so meer; mar ons kon nikks meer uit hom kry ni. Hy skud mar syn kop en sê hy is bang, di witte koningin is kwaad o'er hy fer ons soveul fertel het, en sy sal fer hom dood slaan met di onweer as hy meer fertel.

Neef Gideon sê teen: dis mar anstellings. Di kaf-fér het ons 'n boel-leuens fertel, en nou is hy bang ons sal di saak fertel ondersoek en dan sal hy fas-kom; daarom wil hy ni meer fertel ni.

Ek fra hom toen of hy morreoggend froeg fer ons di plek sal gaan wys waar di ingang is. Hy sê weer: né, hy is bang. Ons maak toen onder makaar plan ons sal hom dwing om ons nou op staande spoor di plek te gaan wys, want anders loop hy straks uit frees fannag weg. Toen di latérens angesteek en met di rewolwer in di hand gaan ons agter hom an na di plek toe en laat fer Klaas alleen by di wa. Mar wat ons di dag gesui en ontdek het, fertel ons follende keer.

## Di mislukte Jameson Komplot.

(Oujaar '95—Nuwejaar '96).

Het jy ooit van selewe van so wat gehoor,  
Van so 'n listige, duiwels Komplot?  
As di plan van di Jingoes en Chartered-gespuis?  
Mar soe, hul is nou eers verspot!

Denk hul dan dis Kaffers, wat hul kan bekruij,  
En met hulle maxims vermoor?  
(Net soos hul di land van Loben het gejumpr?)  
Wi 't ooit van so 'n rooftog gehoor?

Di plan stink na whisky, dis dronkmens syn werk;  
Wi 't uitdag was seker besoop...  
Was dit in Eropa of elders gebeur,  
Was di laaste an di galg opgeknoopt.

Hul mag van geluk praat, di "Boers" is te goed,  
Anders was daar 'n groot Slagterenek...  
Hul mag ver Oom Paul wel baing bedank,  
Dat hul uit syn laud mag vertrek!

Mar hoor nou, hoe raas, hoe beliig hul di "Boers"  
In hul pers, met di kabel en draad;  
So blaas hul di vuur an en wil mar ni rus,  
En soek nog gedurig meer kwaad.

• • • • •  
Ja, Rhodes! nes 'n ster het jy hoog in di lug  
Gestaan, en ons oge verblind.  
En nou is jy stil na Eropa gevlug,  
A né, Rhodes, jy was né ons vrynd!

Verbleek is jou glans, jy het onheil gestig;  
Jy was mar 'n dwaalster, nikks meer;  
Jou flikkering was mar 'n meteoors lig,  
Jy val soos 'n vuurpyl weer neer.

Transvaal en di Vrystaat het nooit jou vertrou,  
Jou Kimberley spiets was genoeg.  
Hul het wel jou grootpraat terdege onthou:  
Jou "Kleur van di Kaart" was te vroeg!

Jy het jou verbel, jy di Bond kon gebruik;  
Mar nou blyk dit net anders om;  
Oos het nou di stank van jou swavel geruik,  
Ons weet nou jou klouwe was krom!

Jy het lank genoeg hiir gesjaap en geskraap,  
En vals met ons nasi gespeel;  
Oos het lank genoeg an di skyn ons vergaap:  
Di wond word ni lig weer geheel!

Toe, vat mar jou skatte, verlaat mar ons land,  
En trek na jou eiland weer been ;  
Want dalk steek jy hiir nog di heel boel in brand,  
Gen mens wat jou heengaan beween.

Blyf tog mar in England en kom ui terug,  
Drink Whisky, geniit mar jou buit ;  
Jy is tog nou eenmaal di Kaapstad otfvug :  
Jou loopbaan di is hiir nou uit.

Di "Charter" di moet ook ver goed na di maan,  
Dit moet res 'n seepbel mar bars ;  
Al sal daar veul Jingoes bankrot om moet gaan,  
Hoe hard hul di tande oek knars.

Soos 'n leeu, of 'n tier, wat syn prooi wil bespring,  
Trek Jameson op na Transvaal,—  
Di Boere di had hom al gou in 'n ring,  
Ontvang hom met kogels en staal.

Syn vrybuiters bende met Maxims en al,  
Was lafaards en hys 'n wit vlag !  
Di Jingoes di prys hul as "helde",—hoe mal !  
Dis "helde," voorwaar, om te lag !

"Hul "helde" was moeg en hul kos was gedaan,  
En al hul patronen was op !"  
So lig hul—né, hul was te sleg om te staan,  
Want hul word net dugtig geklop.

Di skote was raak, want di boere skiit net,  
En had dit wat langer geduur,  
Dan was daar gen een van di rowers ontset,  
Dan het hul dit anders besuur.

So baing gesneuwel, so baing gewond  
(Di les was tog oek al genoeg)  
Di leg op di slagveld bestrooi in di rond ;  
Hul witvlag kom glad ni te vroeg !

Al was dit 'n rowers- en moordenaars gebroed,  
Tog kan jy wel jammer oek kiy ;  
Tog moet ons gelowe di Heer eis hul bloed  
Van di wat hul so het mislei !

Nes 'n leeu in 'n kooi sit di grootbek, o, grap !  
Met syn maters en wag op bul straf ;  
Syn nagels is stomp an di traliis gekrap :  
Hul kom te genadig daaraf !

Transvaal was grootmoedig en lewer hul uit,  
En nou trek hul weg o'er di sé.  
En daarmé is nou wel di anslag gestuit,—  
Mar is dit di end van di wé ?

Stuur Leonard en Phillips, Rhodes, Farrar in kluis,  
So gou as jul kau oek mar weg ;  
Want anders kom daar nooit gen rus in di huis,  
Di Jingoklik is tog te sleg !

Verban di beroerders, jaag ower di grens  
Di kwaadstokers, spaar hul gen een :  
Jul word net verag en gehaat en verwens,  
Vertrou di rebelle ni, neen !

\* \* \* \* \*  
Het Bronkerspruit en Langenek  
Hul dan nog ni geleer,  
Dat hul na vijftiin jaar dit waag  
Om nog eens te perbeer ?

Het hul Ingogo dan vergeet ?  
Majubaberg daarby ?  
Dat hul op nuw by Doringkop  
Weer op hul vel moes kry ?

Hul dag: di "Boers" is mos verdeel  
In kerk en maatskappy,  
En ons kan nou di "ryke land  
Tog al te maklik kry !

En daarby is dit Nuwejaar,  
Di mense is rond verstrooi,  
Johannesburg is kant en klaar,  
Di ding kom nou net mooi.

So redeneer di "Chartered gang"  
En maak hul planne klaar ;  
Mar hul vergeet di Heere waak,  
Dat Hy Transval bewaar.

Di Judasburgse vullisboel  
Was saam in di komplot,  
Hul werk al lank met duiwelis  
En het di "Boers" bespot.

Di Kafferhordes, klaar tot moor,  
Was o'eral opgestook...  
Mar al di Agitofersraad  
Vervwyn, God dank ! in rook.

\* \* \* \* \*  
Geluk, Transvaalse Broederskaar !  
Jul is op nuw gered.  
Wees eensgesind, hou droog jul kruitt,  
En blyf in di gebed !

\* \* \* \* \*  
Dank, trouwe wagter, "Onse Jan" !  
Dank ver jou mannetaal,  
Dank ver jou tijd'ge tussenkon s  
Tot segen ver Transvaal !

Jou woord vind weerklank in ons land,  
In England, in Euroop—  
Elk Afrikaner seg met dank:  
"Hy was ni oingeckoop !"

Dank, Paarlse vrinde, dat jul weer  
So fluks het uitgepraat.  
Jul het bewys, dat oek jul hart  
Nog warm, soos altyd, slaat.

Dank, Vrystaat, wat so daadlik klaar  
Was, om te help in nood...  
O Republike, blyf mekaar  
Getrou tot in di dood !

Verénig mar so gou jul kan :  
In eendrag leg jul krag...  
Pas op, vertrou di Jingoes ni,  
Oek self gen enkele dag.

En mog di tyd tog spoedig kom,  
Ja breek di dag weldra,  
Dat ons kan skywe van ons'land:  
"VERENIGDE AFRIKA !"

Werk saam met ons, wi 't goed mog meen,  
Van welk geslag of land ;—  
O'er Rhodes syn politike graf,  
Reik ons mekaar di hand !

OOM JAN,

**Ons ye Geskidenis.****DEUR OOGGETUIGE VERTEL.**

**T**OEN di Transvaalse Deputasi in 1884 an 'n éremaal in di Haag toegejuig werd deur al Hollands vername manne van alle partye, toen het Dr. Schaepman di edelste manne van syn land toege-roep :—“Menere ! ons *het* 'n geskidenis, ons *skrywe* geskidenis, en ons *lees* geskidenis ; mar daar-di manne *maak* geskidenis”—wijsende op di Deputasilede. So is dit. Ons *maak* nog voortdurend geskidenis. Mar di geskidenis moet *beskrywe* worde, veral di van ons oue voor trekkers, en selfs latere gebeurtenisse, soos ons Kaffer-Oorloge, di Basuto-oorlog in di Vrystaat, di Vryheidsoorlog in Transvaal, ens. Daar is nog baing *onbeskrywe* bladsye en hoofstukke in ons geskidenis. En daar is gen ander kans om dit ver di nage-slag en ver di wêrel te bewaar ni as om dit op te teken uit di mond van ooggetuige, en deur di druk te bewaar. Dis ons doel om in elke nommer van *Ons Klyntji* so'n bladsy uit ons geskidenis te gé. Ons vertrou medewerkers buiteaf sal ons hiirin help, om self sulke verhale op te teken as ooggetuige, of van di lippe van ooggetuige. Baing van di mense lewe nog. Mar hulle sal ni altyd lewe ni. Help ons dus op di maniir oek om geskidenis te maak.

**DI SLAG VAN AMAJUBA.**

[ D E U R S . ]

**S**KRYWER hiervan het net na di vryheidsoorlog 6 jare lank Transvaal in syn lengte en breedte deurgerij, en is met alle manne van enige betekenis, van di hoogste tot di laagste, in persoonlike anraking gewees, byv. met alle kommandante en veldkornette en di voormanne wat an al di veldslage teen di Engelse deel geneem het. Hy het hom dit van verskillende persone o'er en o'er laat vertel, sodat hy di ding van alle kante kon bekijk, en daarvan het hy antekeninge gehou ver latere geskidenis-beskrywing, wat hy nou hiir gé.

So'n bekrywing van di lippe van ooggetuige het di voordeel dat dit ons di gebeurtenisse lewendiger voorstel. Mar dit het daarom oek 2 nadele : 1) di hoofpersonne lewe nog, en 'n mens moet ontsuin om alles ronduit te bekrywe, want ver party is dit tot eer en ver party tot óneer, en as di geskidenis na waarheid opgeteken word, dan blyk dit dat dikwils di verkeerde persone al di tyd di eer gekry het ; en 2) 'n ooggetuige bekijk 'n saak altyd van syn standpunt, dus van een kant af, en daarom is syn verhaal gewoonlik een sydig. Dit kan nou egter ni anders ni, en ons sal perbeoor om di lewendighyd van di verhale te behou en daarby so veul as molik is di 2 nadele te vermy.

Kort na di vryheidsoorlog sit skrywer hiervan een oggend an ontbyt met syn famili te Pretoria, toen



**O'ERLEDE VELDKORNET STEPHANUS ROOS,  
Di Ware Held van Amajuba.**

o'erlede veldkornet Stephanus Roos inkom. Vollens gebruik neem hij op uitnodiging as huisvriend plaas an di tafel en eet same. Skrywer hiervan had toen al van verskyé ooggetuige gehoor dat *hij* yntlik di man was wat met Gods hulp Spitskop of Amajuba ingeneem het, en neem dadelik di geleenthyd waar om ver hom di gebeurtenis te laat vertel, wat hy op so'n eenvoudige en lewendige maniir doen, dat ons na ete na di stu-deerkamer gaan om enige antekeninge daarvan te maak, soos ons dit nou hiir 'n bitji uitvoeriger afskrywe. Laat ons hiir vermelde, dat di man wat di heldestuk gedoen het, sig oek later in di Mapog-oorlog buitegewoon dapper gedra het, en daar gesneuwel is deur di verradelike kôgel van 'n Kaffer uit 'n klip-skeur. Syn verhaal, wat deur vele andere ooggetuige bevestig werd, is soos volg :—

“Toen ons di Sondag morge vroeg gewaar dat di Engelse bo op di kop was, was daar 'n grote opskudding in ons lager. Alles en almal was in rep en roer. Ek voel an myn hart : as ons di Engelse ni dadelik afhaal van di kop af ni, en ver hulle eers tyd gé om ver hulle daar te verskans en kanonne daar te breng, dan is ons verlore. Daar was gen tyd of kans om eers 'n krygsraad te roep ni. Ek gryp so mar myn pêrd

en jaag storm teen di voet van di berg uit. Huir en daar siin ek enkele persone, van verskillende veldkorsetskappe, oek te péid jaag. Ek skré en wenk ver hulle met myn hoed. Ons jaag toen tot onder di eerste afset; want di berg maak verskillende afsette; en ons laat ons pérde somar onder in di kloof staan. Daar onder di eerste kraans of rant gaan ons toen sit; ons was mar omtrent 'n 12 man toen ons daar kom. Mar ons siin toen nog gedurig di manne met 2 en 3 angejaag kom van verskillende kante af. Ek skré en wenk mar gedurig met myn hoed, dat hulle almal daar onder di rant moet by makaar kom.

"Toen ons omtrent tussen 40 en 50 man by makaar was, kyk ons hoeveul krygoffisire daar was. Toen was dit net Kommandant Joágim Ferreira, van Nuwe Skotland, en ek; en ek was mar assistent-veldkornet. Ek sê toen ver hulle: Ek voel an myn hart dat ons di kop moet neem; want as ons di kop ni dadelik neem ni, en ons gé di Engelse tyd om ver hulle te versterk, dan is ons verlore. Hulle sê, hulle denk oek so.

"Toen sê ek ver hulle: Mar huir moet ons met makaar 'n verbond maak om di kop te neem of om almal te val. Want as ons 'n anval maak, en di kop ni neem ni, sal Generaal Joubert baing kwaad wees ver Ferreira en ver my, dat ons teen syn orders di kop bestorm het, (want syn order was om ni di kop te bestorm ni). Hulle sê toen almal: Dis goed; hulle sal my volg en ons sal same di kop neem, of almal same val. Ek sê toen ver hulle: Onse God sal ver ons help, en ons sal di kop neem; want ons kan ni anders ni.

"Ek sê toen verder ver hulle: Ek siin net mar een plan om di kop te neem. Ons moet ver ons in 2 klompe verdeel. Di een klomp moet reg teen di kop opklim, van di een afset na di ander; en di ander klomp moet 'n koppi neem wat eenkant van di groot kop uitsteek. Dan kan ons perbeer om o'er en weer skuins makaar los te skiit en so al hoger op te klim. Ek vra toen ver Ferreira watter van di twe klompe hy wil anvoer. Hy sê hy sal di koppi neem.

"Ons deel toen di manskap, soveul molik vrywillig, tussen ons 2; hulle was toen angegroei tot tussen 70 en 80 man, vollens myn skatting. Ek sê toen ver myn manskap: Party moet met myn same opkruip tot agter di vollende afset of rant, en party moet huir by di eerste afset agter bly om di Engelse terug te skiit as hulle te vêr uitkom om ver ons te belet om di vollende rant te neem; want di Engelse skiit toen al pylskote op ons bo van di kop af. Daar kom toen oek nog gedurig enkele persone agterna, wat party agter Ferreira an gaan en party sig by myn manne voeg. Mar van nou af had ek amper gen tyd meer gehad om om te kyk ni. Ek was mar altyd besig om myn manne an te moedig en vort te help, sodat hulle gen tyd kry om moed te verloor ni. En ons manskap was wel min, mar ons had di dapperste kerels by ons.

"Di tweede rant of afset beryk ons dan oek in tamelik korte tyd en sonder enige nadeel deur di pylskote wat o'er ons koppe vlieg, en op di maniir later een van ons

manne gedood het, naamlik Johannes Bekker, en 6 gewond het; ni van ons voorste mense ni, maar van ons agterste, sodat ons voorste manne ni eens daarvan geweet het ni. (En dia al ons verliis van di dag).

"Toen ons agter di tweede afset was, gaan ons 'n bitjie rus agter di krans, dat ons agterste manne kan bykom. Ons siin toen dat Ferreira en syn manne al an di veg was, want daar was al Engelse op di koppi, wat hy moes neem. Gelukkig kon ons di Engelse wat op di koppi was skuins van agter beskiit, terwyl hy hulle van voor beskiit. Hulle vlug dan oek gou toen hulle di vuur van 2 kante kry, want daar was ni veul skuiling op di koppi ni.

"Terwyl ons dus ver Ferreira help om di koppi te neem, kom myn agterste manskap by, en dit las nog mar altyd agteran van di wat nog altyd bykom. Ek gé toen weer diselfde order, dat party van myn manskap agter di middelste rand moet bly om di Engelse terug te skiit agter di bo'enste rant, wat ek nou moes perbeer om te neem. En ek het gesien dat ons daar hard sou moes veg, want daar sou ons bors an bors met di Engelse kom, en daar moes ons win of verloor.

"En so was dit oek. Toen ons agter di middelste rant uitkom skiit di Engelse net hard op ons. Mar gelukkig kom Ferreira en syn manskap toen net uit op di koppi, en so kon hulle weer ver ons los skiit, net soos ons ver hulle los geskiit het. So skiit ons skuins o'er en weer makaar los. Ek siin toen dat onse God ver ons help, en sê dit ver myn manskap wat by ons was, en ons vat nuwe moed.

"Mar glo my van toen af het dit hard gegaan. Ons moes op ons buik di berg op kruip agter di hoge polle gras, en van di een klip en kliprantji na di ander. Mar ons kruip al nader en nader, en di geveg word al harder hoe nader ons kom. Mar ons agterste kerels van di middelste rant af en Ferreira syn manskap hou di Engelse so warm, dat hnle ni durf uitkom om behoorlik krol te vat op ons ni.

"Eindelik bereik ons di borant; want di kop is bo plat, met 'n rant van klippers rondom. Toen veg ons amper bors an bors met di Engelse, mar sonder dat ons amper makaar siin. Party keer is hulle eenkant van 'n klip en van ons mense anderkant; partyker kan ons di trompe van makaar syn gewere siin; en ek weet nog ni hoe dit is dat daar ni van ons mense geväl is ni. Ons liwe Hére moet ver ons bewaar hé.

"Naderhand wyk di Engelse terug en hulle skiit hou op, mar ek hoor an di skote dat Ferreira di kop an di ander kant bestorm en net hard veg. Ek dog: Nou is myn tyd. Ek was di voorste van myn manskap en tel myn kop op om o'er 'n klipkoppi bo op di kop te kyk. Mar ek skrik toen ek di mag van Engelse bo op di kop siin, hoewel 'n end van ons af was di digte trop, en an di ander kant veg hulle hard met Ferreira. Ek buk dadelik weer (hulle het my ni gewaar ni), en ek kyk om. Toen siin ek eers hoe min manskap by my is, en hoe enkeld en uit makaar myn mense ankom.

"Ja, onse liwe Here weet dit, toen sink myn moed ver' n o'enblik weg. Ek dag: ag, di Engelse kan kom en vang ons klompi hir met di hande en maak ons almal vas. En dan het ek geweet, as dit tot di uiterste kom sal di Engelse ons storm met di baionette. En ek wil ni ontken ni, toen het ek gebruik gemaak van 'n leuen. Ek hoop onse liwe Here het my dit vergewe! Ek wenk toen met myn hoed en ek skré: "Kerels, kom nou! Kom gou! di Engelse vlug!" A ja, toen borl myn kerels agter di klappe uit, en di agterste kom an dat dit help. Ons storm toen somar bo op di rand, ek denk ons was daar omtrent 'n 40 of 50 man, en di Engelse was 'n 30 of 40 tre van ons af.

"Ons vuur toen op di Engelse so hard as ons kan, want hulle staan toen oop en bloot en ons het tog 'n bitji skuiling agter di klappe. Di Engelse wil ons toen storm met di baionette, mar ons skiu hulle tot twe male terug. Net toen di Engelse ver ons storm, kry Ferreira weer kans en hy kom oek uit met syn manskap en ko'el hulle vuurwarm van di ander kant af. En net op di kritike o'enblik hoor ek van 'n derde kant af oek skiu; daar kom toen Stefanus Trichard en D. Malan met 'n klompi Utregse mense oek uit. Toen kry di Engelse dit van 3 kante af gelyk. En ek denk dis net toen oek dat Colley geval is. Dit kon di Engelse ni staan ni. Dit kom toen te hard. En hulle bars somar di berg anderkant af.

"Ons mense loop toen somar storm om di Engelse wat vlug van agter af te skiu. En ek oek same. Mar 'n menigte Engelse bly somar staan en gé ver hulle o'er. Toen ek siin hoe baing Engelse daar nog agter ons staan, wat ver hulle o'er gege het, werd ek bang, as hulle siin hoe min ons is, dat hulle straks ver ons van agter kan anval, en as di voorste wat vlug dan omspring, dan is ols tussen twe vure. Ek ken gen Engels ni, mar ek kry toen gou een van ons jonge kerels wat Engels ken en ek sê ver hom: 'Skré nou hard ver hulle in Engels, as hulle ver hulle wil o'er gê, sal hulle nikks kwaads o'er kom ni.' Mar dan moet hulle almal gaan plat lê tot di geveg verby is. Want as een syn kop optel, dan kan ek ni help as hy 'n ko'el kry ni.' Hulle gaan toen almal plat lê, en so kon ons manskap di vlugtende Engelse agterna skiu. Party spring somar di hoge kranse af, en party het in di kranse en bosse bly hang.

"Daar is di dag van di Engelse geval 4 offisire, met Colley daarby, en 86 man, en gewond 8 offisire en 125 man, en 6 offisire, waarby was een Luitenant-Kolonel, en 51 man het ons gevange geneem. Ons siin toen dat Colley amper syn hole mag op di kop had en dat hulle meerlaag volkomme was; want di wat gevlug het, vlug party somar verkeerde koers di Drakensberg in. En di wat halfpad na di Kamp onder by di kanonne was vlug oek party di kamp verby.

"Toen al ons mense by makaar was op di kop, na afloop van di slag, was ons tussen 180 en 200 man.

Ons maak toen plan om 'n kleine wag by di krygsgevangene op 'i kop te laat, en di Engelse kamp te gaan bestorm. Mar terwyl ons nog daaroer planne maak, kom daar 'n digte mis op uit Natal, so skilik en so dig as ek nog ni gesien het ni. Toen sê ons almal: Né, dis di hand van di Here, wat sê: 'So vêr, mar ni verder ni!' En ons dank di Here ver syn verlossing op di Sondag aand."

### Vreemde Sektes in Rusland.

**D**AAR is seker ni twe lande wat meer van makaar verskil ni as Rusland en Amerika, en tog kom di twe lande hierin o'reen; dat di wonderlikste dweepagtige afdwalings in albei voorkom. In Amerika word alles vrygelaat, in Rusland volstrek ni, mar tog kan al di strengheid ni uitwerk dat di sektes uitsterf ni.

Di Godsdiens van Rusland is di Griikse, wat byna is nes di Roomse. Hulle verwerp di Paus en noem hulle self di "Regsinne Kerk." Di meeste gebruikte is daarom mar nes di Roomse.

Al di sektes in Rusland het egter 'n sekere gelyke karaktertrek. Dweepery is di hoofsaak, en wel sombere dweepery, wat sig openbaar in selfmoord, of self-verminking. Miskien het di geaardheid van di land daar iits mé te doen. In di meeste streke is di winter lank en baing koud, en as di boer niks buite te doen het ni, dan sit hy te prakseer. Lees doen hy ni veul ni, en so kom di wonderlikste gedagtes in di hoof.

Di gevaar van dweepery is altyd daar waar 'n mens di waarheid wat buite ons is ni reken ni, en alleen op di gevoel af gaan. Dit tussen twe hakiis.

Nimand kan al di vreemde sektes, wat daar in Rusland te vindre is opnoem ni; ek wil oak net mar 'n paar beskrywe, waaruit 'n mens so wat kan siin wat di hoofgeaardheid is.

Ons begin met di "Swerwers." Dit is 'n o'erblifsel van 'n oue sekte, wat di geloof had, dat di beste wat 'n mens kan doen is, om hom self dood te maak. Hulle het dan bymakaar gekom, party keer 'n hele dorp en hulle self aan God opgeoffer. Dit doen hulle dan deur van honger te sterwe. Hulle sluit hulle self op, na dat hulle witte klére angetrek het, en so wag hulle di doed af.

Somtyds oek maak hulle 'n grote brandstawel en verbrand ver hulle self.

Di regering het di sekte wou uitroeい, mar 'n menigte is o'ergebly. Hulle noem ver hulle nou di "Swerwers." Hulle leer, dat di duiwel in di dorpe woon en dat daarom di dorpe moet verlast worde. Op één plek mag 'n mens oek ni lank bly ni, mar hy moet voortdurend rond dwaal. De dikste van di bosse word deur hulle uitgesoek. Daar hulle ni veul werk ni, gaan hulle al bedelende deur di land, en word deur di andere boere onderhou, wat di "Swerwer" as 'n

grote heilige beskou. Hulle sendelings gaan van dorp tot dorp om di mense van di werk af te trek. Di huwelik word by hulle min geag. Hulle wil ei'entlik di wêrelд laat uitsterf, mar party van hulle het daarom vrouens. Di sekte is deur di hele Rusland versprei, dog is di meeste in Siberi'e.

Op di Swervers volg di *Swygers*. 'n Biitji van di leer van di Swygers sal an di wêrelд ni kwaad doen ni. Hulle geloof is dat as jy in di hemel wil kom, dan moet jy jou mond hou. Gen woord mag imand van di sekte praat ni; alles moet op beduie afgaan. An di praat kan nimand hulle kry ni. In di vorige eeu (want di sekte is al baing oud) het di regering di uiterste gedoen om ver hulle te laat praat. Hulle is met stokke onder di voetsole geslaan, brandende lak is op hulle g-drup, en al di lifelikheid van di vroeg're tye meer, dog niks het gehelp ni. Hulle praat ni. Oek in di latere tye het di regering hulle and praat wil help. Nog mar 'n paar jare gelede is 'n hele party na Siberi'e geban, omdat hulle ni wou praat ni, mar hulle het stil di vonnis angehoor en niks teen gesê ni; hulle hou mar uit.

Dan is oek daar di sekte van di "Geselaars". Wat hulle leer, is ni so bekend ni. Hulle het ni boeke ni, en verwerp oek di Bybel. So vêr as uitgevind is, mean hulle dat ider mens di Heilige Gees so kan ontvang, dat hy self 'n christus word, di vrouens word dan di maag Maria. Om di H. Gees te verkry word allerdele middels gebruik.

Hulle slaan makaar totdat di bloed uitloop en een neerval. Di man begin dan te profeteer. Wat hulle oek baing doen is dans. Hulle het dit misskiuin van di Mahomedane afgesiin. Hulle dans en draai in di ronte totdat hulle half dronk is. Dan set hulle 'n grote pot kokende water in di midde. As di wasem van di water dan opgaan, val hulle op hulle kni'e, en denk hulle siin di Here Jesus. Ander mense siin niks as wasem, mar hulle sê dit is deur ongelowigheid.

Hulle het bepaalde gemeentes. Openbaar kan hulle di vergaderings ni hou ni, mar tog is hulle goed geregel. Ider dorp het syn ye profet of man Gods, en nog 'n paar profetesse. Di regel di byeenkoms.

Di sekte is so stil-weg erg verspy en het heel veel anhangers onder hoge mense. In di laaste tye het di Spiritisme in di mode gekom, en daar di 'n bitji ho'er gereken word, gaan di ryke mense meer met di ding saam.

Natuurlik word van di gehyme sektes heel wat slechte storiis vertel, wat 'n mens ni almal moet glo ni. Dit is altyd so gegaan. Hulle het diselfde storiis vertel van di Jode en van di eerste gristene. Dit is egter waar, dat verragaande dwepery tot sedeloosh eid lei, en dat deur di godsdiinstige opgewondenhei'l heel wat dinge gebeur, wat di daglig ni kan siin ni. Dog hoor o'er misskiuin later meer.

J. L. C.

## Pratjies o'er di Natuur.

### INLEIDING.

"De hemelen vertellen Gods eer en het uitspansel verkondigt Zijner handen werk."

"De dag aan den dag stort overvloediglyk sprake uit, en de nacht aan den nacht toont wetenschap."

**S**O lees ons in di 19de Psalm en dit blyk daaruit dat di psalmdigter bisonder werk daarvan gemaak het om di Heelal te bestudeer en Gods Heerlikheid te beskou in Syn werke. As ons Gods werke met di blote oog beskou, dan kryg ons al o'ervloedig stof om Gods majestet en heerlikheid te bewonder, mar des te meer as ons di dinge van naderby gaan beskou en ondersoek wat di Wetenskap daaroor an di lig gebring het. Al di lesers het ni di voorreg gehad om di dinge in di Skool te leer ni, en tog sou menigeen van ons lesers graag 'n bitji meer weet van di wondere van di Natuur, wat ons elke o'enbliek omring. As 'n mens 'n bitji nuwsgierig is, dan is daar honderde vrage wat dageliks in ons opkom en wat ons ni kan beantwoorde ni sonder di hulp van di Wetenskap.

Ik meen byvb. sulke vrage as di vollende: Wat sou di Son, di Maan en di Sterre tog eigentlik wees? In watter verbaad staan hulle tot di aarde? Hoe wort di gerealde opvolging van somer, winter, herfs en lente veroorsaak? So ook honderde van vrage omtrent di aarde self. Byv: Hoe lyk di aarde se ingewande? Hoe is di aardbol saamgestel? Wat is vuurspuende berge? Hoe werk di Telegraaf en di Lokomotief van 'n Trein? ens.

Nou, lesers, as julle elke maand 'n paar verlore o'enblikkies het om af te sonder ver di studi van di Natuur, dan sal dit ver my angenaam wees om julle daarvan te vertel wat ik daarvan weet, wat ik in di Skool ontvang het, mar oek wat ik uit eie belangstelling uitgesnuffel het.

Dit kos wel tyd en moeite om weer alles na te gaan en korteliksaam te vat; mar as dit julle tot nut kan wees, sal dit ver my di grootste beloning wees. Veral hoop ik dat di jonge mense di bladsye getrouw sal lees en onthou. Dit gebeur so dikwils, dat uit 'n famili net een seun na di skool gestuur word om vêr te leer. Dan kry ik so jammer ver di ander broers en sisters, wat nou vir di geleerde boeti moet vereer en bewonder as 'n orakel, wat vir hul nou net kan wysmaak wat hy wil. As julle nou myn stukkiis in "Ons Klyntji" andagtig lees, dan sal ik sorge dat dit ni geb'ur ni, en dat di geleerde boeti in syn spore tal moet trap as hy met julle begin te praat o'er di dinge.

Ik vlei my dat di stukkiis ver ons bejaarde mense ook kan nuttig wees om diselfde rede as bowe genoem is. Di jonge mense verhef hulle te veul bo hulle ouers wat minder geleer is, en spog met hulle bitji geleerdheid, partykeer nog verkeerd oek. Di wat gen skole gehad het ni, kan hir maklik leer.

Wetenskap is ons almal se eiendom ; waarom sal net di geleerde mense daarvan genot hê ?

Di plan van di behandeling van myn onderwerp sal omtrent wees soos volg :—


Eers gaan ons di hemelliggame beskou, soos di Son, di Maan, di Sterre, ens. Daarna meer bepaald di Aarde ; haar beweging, oppervlakte, gedaante, ens., oek di Lug, di Sé en alles in verband met di aarde.

Verder gauw ons 'n wandeling maak in di diere- en plantewêrelde.

Dan sal ons di kragte van di Natuur bestudeer, soos Elektrisiteit, Stoom, ens., en in verband daarome sulke uitvindinge as di Telegraaf, di Telefoon, di Lokomotief van 'n Trein, en so meer.

Ten laatste sal ons dan oek 'n bitji stilstaan by di Mens as di kroon van Gods skepping.

S. P.



## ¶'er Taal en Taalkunde.

### DI AFRIKANER SYN TAAL-AANBYL.

**D**I Afrikaner is 'n wonderlik knappe smit, wat di smé van syn taal aangaan. Ni alleen is hy wonderlik gelukkig in di vereenvoudiging van syn taal-vorme ni, mar hy is oek baing knap om di oue Germaanse yster te vat en nuwe woorde daaruit te smé. Hy behou al di gereedskap wat di Hollander gesmé het, net hy maak dit gepaster na syn hand en ver syn doel ; en ver e'ke nuwe werk of diëns vat hy 'n stuk ou yster, en as hy dit klaar gesmé het, kan jy mar di beste smit breng om te kom kyk. Dis net gepas ver syn doel.

Laat ons mar 'n paar voorbeeldneem. Daar word 'n maklike plan uitgevinde om vuur te kry. Di Hollander sukkel jare en jare, mar hy kan gen naam daarvoor kry ni. Naderhand behelp hy hom mar met di verbasterde woord *lucifer*, wat deur di Franse taal uit Latyn afkom en beteken *ligdrager*, sodat dit ni alleen 'n baster-woord is ni, mar bowediin verkeerd, wat betekenis anzaan. Mar daar is di Afrikaner ni mé tevrede ni. Hy stap in di oue Germaanse yster-winkel in, ruk daar 'n stuk oue yster uit, smé dit, en daar is syn woord kant en klaar: *Vuurhoujies*. Nou wat wil jy nou beter hê ? Laat di Hollander dit mar gerus van ons kom o'erneem. Hy was ni in staat om so'n woord te maak ni.

Neem 'n ander voorbeeld. Di Hollander leer 'n klyne diirtji ken. Hy het alweer gen naam daarvoor ni, en neem somar di oue Griikse naam o'er, namelik *Kameleon*, wat beteken *aardleeu*. Verbeel jou ! Di dingetji lyk net so min na 'n leeu as 'n vark na 'n pistool. Mar toen di Afrikaner di diirtji hiir in syn land kom kry, gaan hy ni 25 eue agteruit om by di oue Griek 'n naam te soek

ni. Né, hy spring in syn smitswinkel, gryp 'n stuk oue yster, en net nou had hy 'n pragtige naam, né wat ! twé name, di een so goed as di ander, sodat jy amper ni weet wat di beste van di twé is ni, namelik *trap-suljijs*, vollens syn trage gang, en *verkleur-man-netji*, na syn aard om syn kleur te verander. Waar is di Hollander taalsmit nou ? Laat hy hiir 'n les kom leer !

Nog 'n voorbeeld. Di stoomkrag en spoortrein word ontdek. Di Hollander staan alweer verlege met 'n naam ver di nuwe ding. Sonder raad gaan hy na di oue Latynse yst rwinkel en leen di woord *locomotief*, en di naaste wat hy dit kon breng was *stoommasiin*, waarvan di tweede helfte uit Frans geleen is. Mar di Afrikaner sê: Wat bog ! Weg met julle Latynse en Franse woorde ! Hy spring in di Germaanse yster-myn, gryp 'n stuk yster en smé somar 2 pragtige, gepaste woorde: *vuurwa* en *ysterpêrd*. Wat sal di Hollander nou nog reem op syn taal-smédery !

Nog 'n slag. Daar vind hulle uit om met di bliksem langs 'n draad te gesels. Daar sit di arme Hollanse taal-smit alweer raad op. Hy vlug mar weer na di oue Grike toe, en leen di woord *telegraaf*, wat meen *vêr skrywe*. Mar di Afrikaner is alweer daarmé ni tevrede ni. Hy hou ni van vreemde dinge ni. Hy vat syn stuk yster, smé dit op syn ye aanbyl, dis di *lang-tonq*, sê hy, en dis net reg oek.

Eindelik. Hiir kom di Engelse en bring hiir 'n splinternuwe ding in, di "commercial travellers." Ver niit soek di Afrikaner na 'n goeie Ho'lanse woord daarvoor. Mar hy laat hom ni vermaak ni. Hij gryp syn stuk yster en smé dit op sya aanbyl. Daar is syr naam: *lappius-smous*. Dè, wat wil jy beter hê ?

Mar genoeg ver myn doel. So verryk di Afrikaner al dag syn taal. Hy hou di héle Hollanse woordeboek, en smé nog aldag nuwe woorle by uit di oue Germaanse taalskat. Wi sal di beste lys gé van sulke suiwer Germaanse woorde wat di Afrikaner gesmé het, wat di Hollander ni het ni ? Hy kry 'n prys van £1. Kyk prysvrage.

S.

### "SKRYV SOOS JY PRAAT."

### OOP BRIEF AN DE HOOFT-REDAKTEUR VAN "ONS KLYNTJE."

**G**EACHTE Heer en Vrint,—U heeft me gevraagd om ik niet ook 'n bijdraage stuure wou voor 't eerste nummer van *Ons Kleintje*. Toen ik u brief kreech, dacht ik eerst by mezelf: "dat kan ik niet. *Ons Kleintje* moet Afrikaans praat, en..." ik ken geen goet Afrikaans. Ik was dus van plan om u te schryve: "myn wil is goet, ik wens n alle mogelege voorspoet voor *Ons Kleintje*, maar...er voor schryve, dat kan ik niet." Maar kyk, toen bedacht ik ook weer, als ik an iemant, die gewoon is z'n woorde wat anders

uit te spreeke dan ik, maar die ik toch verstaan kan, vraach om me wat te vertelle, dan zeg ik er niet by: "zie je, m'n beste vrint, je moet je woerde voor deze gelegenheid net uitspreeké zooals ik dat altyt doe." Neen, als die man zóó praat dat ik hem niet verstaan kan, dan vraag ik hem niet om me iets te vertelle, en als ik hem w1 kan verstaan, dan ben ik al bly als hy me vertelt wat ik weete wil, en laat hem praaate, of uit-spreuke, net zooals 't hem 't beste past. Wel, de vrint die die *Ons Kleintje* in het leeve stuure, denke daar, geloof ik, ook soo oover, want se hebbe als mottoo angenoome: "Skryv soos jy praat." En wat wil dat segge? 't Beduit toch seker niet: "Jy, Jan, moet schryve zoo-als ik, Piet, praat." Me-dunkt 't kan niet anders betekene dan:

Jy, Jan, moet schryve zooals jy, Jan, praat, en dan zal ik, Piet, schryve zooals ik, Piet, gewoon ben te praaate.

Heb-ik de zaak hier by 't rechte ent, dan mag IK schryve zooals IK praat, en het eenige wat de leezers van *Ons Kleintje* van my verlange is dat ik waارlyk schryve zal zoo-als ik praat, en niet in de stye boeketaal die de mense in Hollant noch altyt maar blyve gebruike, al is er ook geen enkele Hollander die, al is hy ook noch zoo gelcert, eu noch zoo beschaaf, en noch zoo kies-keurich, spreekt zoo als-ie schryft.

Zijn we het dan nu in zóó verre met elkander eens, dan is er echter toch noch misverstant moegelek, en hebbe we dus noch 't een en ander met elkaar te bespreeke.

Twee dinge staan nu vast:

Ten eerste is het duidelek, dat ik, konzekwent volgensde angenoome reegel niet zal schryve, byvoorbeel: *ik heb eenen ouden man met mynen broeder in den tuin zien loopen* maar wel: *ik heb 'n ouwe man met me broer in de tuin zien loope*.

Voor een oogh, dat aan de gewoone Hollandse spelling en manier van schryve gewent is, ziet er dat al heel raar uit. Maar... "schijf zoo als je spreekt." Neem ik die reegel an, dan schiet er niets anders oover, of dan zit er niets anders op, dan 't zóó te doen. Ter verdeediging van die schryfwyze zou 't hier voldoende zyn te zegge: zoo spreek ik 't uit. Maar als ik meende dat mijn maanier van spreeke waarlike veel verschilde van wat beschaafde Hollanders zegge, dan zou ik myn uitspraak trachte te verandere, en dus is het feit dat IK 't zoo zech, eigenlek niet voldoende. Al ziet het er gedrukt of geschreeve ook noch zoo vreem uit, die schryfwyze laat zich verdeedige door het feit dat "men," dat "de mense," dat "de beschaafde Hollander" in 't algemeen 't zóó uitspreekt. Ik beweer niet dat er geen enkele Hollander te vinden is, die de *n* aan het slot van een werkwoort hoorre laat. Er zijn er, ongetwyfelt, maar 't zyn uitsonderinge, en, in zulk een geval komt de persoonlike uitspraak op de voorgront. Laat hy die ZEGT loopen, 't ook zóó schryve. Is er dus twyfel omtrent zulke *n*, geen

twyfel kan er zyn omtrent zulke vorme als *mynen*. Ik zou 't gezicht wel eens wille zien van 'n Hollander die iemant waarlek van "*mynen broeder*," in plaats van "*m'n broer*" hoorde spreeke. Als zoo iemant beleeft genoech was, en zich goet kon houwe, dan zou ie de spreeker niet in 'z'n gezicht uitlache; maar hem voor een onverdraagelek pedante schoolvos anzien, dat zou ie zeeker.

Ten tweede is het echter ook duidelek dat ik niet schryve moet *skrywe, skaap, skool, enz. enz.* maar *schryve, schaap, school, enz. enz.* Andere schryvers in dit blad, die het Kaaps-Hollants kenne, en die daarin schryve kunne, ja, die moete dat doen, als ze 't zóó uitspreeke. Maar iemant die zoaals ik, in echt spreek-hollants eenvoudig hollants, maar toch echt zoo-geernaam "*Hooch-bollants*" probeert te schryve, mach dat niet doen, want... "hollants" is 't niet. Eeemin zal ik dus ook woerde zooals *baing of banja, kombeers, tabbertje, brekfus, enz. enz.* mooge gebruike. Alweer... ik zou dat moete doen als ik Kaaps-holla.ts wou probeere, maar zoolang als ik Hollants schryf, dan niet! Het kan dus, geachte heer, wel eens gebeure dat ik, als Hollander, een woort gebruik, waarvan u weet dat er veel kans is dat enkele leezers het niet zulle verstaan. Wil u, in zulk een geval dan, alsjebließt, my en die leezers helpe, en dat voor hen vreemde woort in een aanteekenigetje onder an de bladzy veiklaare, door er het Kaaps-hollants voor antegeeve? In dat geval hoop ik dan dat u als tolk zal wille diene.

"Zoo," zecht de een of ander die het niet met my eens is, en die vint dat we op die maanier 't Hollants v'rknoei, of veroneedele, verlaage, enz., "zoo, gaa jy dan nou maar schryve net zooals jou "keukenmeid;" praat?

Neen, geachte vrint, dat niet! Maar deeze brief is nu al lang genoech. Als u, myn heer de hooft-redakteur, dit praatje geschikt vint voor "*Ons Kleintje*," of liever voor zyn leezers, en deeze brief dus opneemt, dan hoop ik die vraach in *h*t volgende nommer te bespreeke.

Met opréchte hoogachting,

Uw dienstwilige dienaar,

W. S. LOGEMAN.

Zeepunt, Februari 1896



**AN INTEKENAARS EN AGENTE.**—Ons stuur an alle Intekenaars 'n orige nommer, om daarmé 'n nuwe Intekenaar by te wen. Denk daaran as elke Intekenaar mar een bykry, dan is ons getal verdubbel. Agente wat ver ons 12 of meer nuwe Intekenaars stuur met di Intekeningsgeld, kry ver di jaar syn *Klyntji* vernit. Heelwat stukke moet bly o'erstaan ver No. 2, en daaronder 'n paar Welkomsgedigte en 'n noukeurige verhaal van di geveg teen Jameson deur Kommandant Crónje self.

**A, B, C, Raaisels.**

**A**—'n Goddelose Koningin van Israël, wat 'n grote moordenares was.

**B**—Een van di regters van Israël. *Rich 4:6*

**C**—'n Romeinse Keiser, wat bevel gegeé het, dat al di Jode uit Rome moes vertrek. *Hand 19:2*

**D**—'n Silwersmid, wat 'n oproer verwek het. *Hand 19:24*

**E**—Esau syn kinders het gewoon in di land van E? *Gen 36:8*

**F**—Anna di profetes was 'n dogter van F? *Exodus 2:36*

**G**—Di leermeester van Paulus. *Hand 22:3*

**H**—Di moeder van Samuel. *Sam 1:10*

**I**—Ahasveros het regeer van I...tot Moorenland. *Gen 1:1*

**J**—'n Drif (of veer) waar Jacob geworstel het.

**K**—Een van di dogters van Job. *Job 4:21:14*

**L**—Een van di sewe gemeentes van Asia. *Op 1:11*

**M**—Di vader van Simson. *Rig 13:21*

**N**—'n Profeet wat David het kom bestraf. *1Kron 1:24*

**O**—'n Skoondogter van Naomi. *R 1:4*

**P**—Di huisvrou van Aquila. *Hand 19:2*

**Q**—Imand, wat an di Romeine groetenis laat weet (hoofstuk 16): *23*

**R**—Jacob syn moeder.

**S**—Di Jode het met di S—gen gemeenskap gehou. Waar staat dit? *Job 4:14*

**T**—Paulus het laat groetnis weet aan tweé vrouwe wat in di Here gearbeid het. Hulle name begin albei met 'n T. *Rom 16:12*

**U**—Di land waar Job gewoon het. *Job 1:1*

**V**—Een van di seuns van Haman. *Esth 9:9*

**W**—Een van Jerusalem syn poorte. *Heb 3:16*

**X**—Gen naam wat met di letter begin in di Bybel, mar wel op 'n X eindig. Wie kan di vinde?

**Y**—In Prediker 12 geses ons 'n teks waar dri maal dieselfde woord in kom, wat met 'n Y begin. Watter woord is dit?

**Z**—'n Priester in di dage van Koning David. *1Kron 1:8*

Voortan sal di Bybelse Raaisels en di Oplossings verskyn in "Ons Klyntji." Op dese Raaisels sal ons antwoorde met tekste verwag tot 1 Juli. Di oplossings van di vorige raaisels hoop ons iu di vollende No. van "Ons Klyntji" te publiseer.

OOM JAN.

**Raaisels.**

1. Met 'n t in my is ek 'n lekker wildbraad; sonder di t is ek 'n grote mooie stad.

Deur een of meer lettergrepe an 'n woord weg te laat kry 'n mens 'n geheel ander woord of saak, byvoorbeeld: *diplomate*, laat weg *diplo*, dan hou jy *mate*. So ook deur een of meer lettergrepe voor an 'n woord te voeg. As ek jou nou vraag watter *mate* word ni geyk ni? dan is di regte antwoord b. v. *diplomate*.

Laat ons nou perbeer.

2. Watter *bière* word ni gebrou ni?
3. Watter *state* en *strate* word ni bewoon of bewandel ni?

4. As jy di klinkletteis behoorlik invul, dan kry jy di twee eerste reels van 'n Psalm vers op rym: w r m d - z l - d - j n g l n g - z n - p d . d r - d l h n - m - s n g l d - r n - b w r n ?

**Prysbrage.**

**D**I uitgewers van "Ons Klyntji" het besluit om ver elke nommer 'n Prys uit te Lowe van £1, soos volg:

Tyd van Insending.	Onderwerp.	Grootte.	Deur wi gegeé.
15 April ...	'n Geregelde Verhaal van di Jameson Inval ...	2 Bladsye	H. L. Aucamp.
15 Mei ...	3 Beste Storiës van Wolf en Jakhals	"	C. Badenhorst.
15 Juny ...	Beste lys van Germaanski woorde deur Afrikaners (kyk Afr. Taal-Aanbyl) ...	"	S. J. du Toit
15 July ...	3 Beste Grappige en leersame Verhale ...	"	Dr. Hoffmann

1. Di winner van di eerste prys kan dit in geld kry, of hy kan uit ons boeklys ver hom een of meer boeke uitsoek ver di waarde van £1; dan laat ons voorin netjijs inplak met goud gedruk syn naam, waarvoor hy di prys gekry het, di datum, ens., wat hy dan kan hou ver 'n gedagtenis. As daar 'n tweede opstel is wat di beoordelaars oek gunstig anbeveel, dan gé di uitgewers daarvoor self oek 'n prys van 10s. an boeke, wat di winner kan uitsoek uit ons boeklys.

2. Di gewer van di prys het di reg om self 3 persone te benoem ver beoordelaars, of wil hulle dit an di uitgewers laat, dan benoem ons 3 bekwame en onpartydige persone.

3. Persone wat wil wedwywer kan uit di afdelings wat nou in di eerste en verdere Nommers van Ons Klyntji verskyn siin hoe hulle omtrent hulle opstelle kan inrig. Daar bly egter vryheid; dis ni 'n voorgeskrywe wet ni, mar 'n handleiding.

4. Ons doel is om Afrikaanse skrywers en dus 'n Afrikaanse letterkunde te vorm. Daarom sal ons di bekroonde prysvragje opneem, en van di ander opstelle oek soveul as dit wêrd is. Op di maniir hoop ons goeie stukke te kry. Di *Patriot* het honderde geleer om te skrywe ver 'n koerant, *Ons Klyntji* moet tiintalle leer om goed te skrywe. Daarom sal op taal en styl net so goed gelet worde as op di inhoud. Alles suiwer Afrikaans: vorm en inhoud.

5. As daar verdere persone is wat £1 wil gé ver 'n prys, dan sal ons bly wees as hulle di onderwerp betyds ver ons wil opgé,

# IN SKAARS TYD

Moet elkeen siin om alles so GOEDKOOP, mar daarom so Degelik molik te kry.

KOM NA

D. F. DU TOIT & CO., BEPERK,  
\* PAARLSE DRUKKERY, \*

EN DAAR SAL JULL GEHELP RAAK.

## WIL JY 'N GOEDKOOP EN DEGELIK KOERANT?

"DE PAARL" is 'n volledige Hollanse Nuwsblad. Dit kom 3-maal per week uit met Plaselik en Algemeen Nuws, Telegramme, Markberigte, ens., ens., en kos mar net 17/6 per pos, per jaar, of 4/6 per kwartaal, VOORUIT BETAAALBAAR. Proefnommers word verhuif gestuur.

## WIL JY 'N GOEDKOOP EN DEGELIKE WEEKBLAD?

Teken dan in op "DI AFRIKAANSE PATRIOT," opgerig in 1876, en al di 20 jare di Orgaan van di Afrikaner Party en di Afrikaner Bond:—di Vader van "Ons Klyntji,"—di Verdediger van di Regte van ons Afrikaners.

Di Patriot kom elke Donderdag middag uit met al di vernaamste Nuws van di week; Telegramme; Markberigte van Kaap, Port Elisabeth, Kimberley, Johannesburg. Di Patriot bevat meer Korrespondensiis en Bondsversla'e as enig ander blad. Daarin kry 'n mens di gevoele van Afrikaners en wat di Bond doet.

Di Patriot is di erkende Orgaan van di Afdelingsrade van Hope Town, Steynsburg, Prieska, Philipstown, Aliwal Noord, Prins Albert, Hay, Herbert, Sutherland, Frasersburg, Barkly Oost.

Di Patriot is waarlik spotkoop; want terwyl hy gemiddeld wekeliks ruim 25 kolomme fijn gedrukte leesstof gê, is di prys daarom mar 15/- per jaar per pos, VOORUIT BETAAALBAAR.

Ver Advertensiis is Di Patriot di koerant; goedkoop; en dit word deur duisende gelees. As jy iits te adverteer het, sit dit in Di Patriot.

## WIL JY GESONDE GRISTELIK GEREFORMEERDE LEKTJUR?

Lees "DE GETUIGE." Dit verskyn twemaal per maand en bevat o.a. Bybelstudiis, Leerstellige Verhandelings, Praktiese Betragtings, Teekene der Tyde, Vrage en Antwoorde oer Bybelse punte, ens., ens. Dit kos mar net 5/- per jaar, 6/- per pos.

## WIL JY GOEIE GOEDKOPE HOLLANSE BOEKЕ?

Skrywe om 'n Pryslys an D. F. DU TOIT & CO., BEPERK, PAARL. Di voorraad is groot van allerhande soorte Godsdiinstige en andere Boeke, van goeie bekende Skrywers.

## WIL JY MOOI KAARTJIIS?

Tekskaartjiis, Trou- en Roukaartjiis, Kaartjiis ver Verjaarsdage, ens. Skrywe na di PAARLSE DRUKKERY.

## WIL JY GOEDKOOP EN NETJIIS DRUKWERK?

Gé ver D. F. DU TOIT & CO., BEPERK, 'n kans, en ons denk ni jy sal weer na 'n ander plek guan ni.